
VIMERS VAN
OESTYN
No. 23
Die Dal van Vrees
braam le roux

Die Woestynduiwel tel die rewolwer op en mik na Hanse se kop. Frans gee 'n blaflaggie en mik met Wouter se eie rewolwer na sy kop toe. Wouter staan gereed om te duik. Hy besef dat hy geen hoop het nie, maar hy sal nie sterf sonder om te veg nie.

Skielik gly 'n los klip teen die helling af en Wouter sien die gestalte wat agter die rots uitskiet, soos 'n roofdier. 'n Skoot klap. Wouter verbeel hom dat die lood hier tussen hulle deur die lug skroei. Hy sien hoedat die Woestynduiwel se liggaam ruk en dan vooroor kantel.

Stofomslag: Chris du Plooy



# VMERS van OESTYN

No. 23

## Die Dal van Vrees

braam le roux

## INHOUD

1. Afspraak in die Kom ........ 3
2. Dal van die Dood ........ 14
3. Snelpiet en Sneller ........ 25
4. Ruiters met Nommers ........ 36
5. Wie is die Verraaier? ........ 48
6. Die Duiwel word Haastig ........ 60
7. Jagters van Mense ........ 72
8. Ontmasker ........ 84



## AFSPRAAK IN DIE KOM

In die dowwe grys lig van die dagbreek, lyk Wouter Cordier 'n vervalle, gehawende mens. Sy kakiehemp is byna reeds van sy liggaam af geskeur. Bloed sypel uit die snywonde op sy voorarms en op sy gesig, en die blonde stoppelbaard laat sy gesig nog vuiler lyk. Sy hare is deurmekaar, saamgekoek vanweë die stof en die sweet.

Voor sonop moet hy die berge bereik. Daar sal hy veiliger wees, daar sal hy lank kan skuil, totdat sy agtervolgers tou opgooi en terugkeer na Kimberley toe. En sodra hulle die agtervolging gewonne gee, sal hy weer verder weswaarts vlug, tot oor die Duits-Suidwes-grens. Dan alleen sal hy die galg vryspring, die galg wat nou soos 'n dreigende skaduwee agter oor sy pad staan.

Hy weet dat hulle hom nie sommer daar tussen die klowe en spelonke sal kan uitruik nie. En daar in die valleie tussen die vouberge is daar volop water en kos. Hy sal maande daar kan uithou. Die Rooiberge ken hy soos die palm van sy hand. . . elke kloof, elke spelonk, elke grot. Hy weet waar die duikers wei, waar die tarentale water drink. Hy sal dus nie dood gaan van dors of honger nie.

Hy staar terug tussen die doringbosse deur. Sy agtervolgers kan nie ver agter wees nie, veral as hulle dwarsdeur die nag gery het., Sy moed mag hom nie nou begewe nie, sy kragte mag hom nie faal nie. Hy moet voortgaan, al seil hy die laaste paar treë op sy maag.

Daar lê 'n myl tussen hom en die eerste hoë rotse aan die voet van die Rooiberge.

Hy strompel voort, net 'n paar treë en dan is dit asof sy bene onder hom invou. Hy druk met sy hande op die klipperige grond. Hy moet weer rus. Hy kan nie anders nie. Sy keel is droog, sy lippe half gebars van die dors, die dors wat binne-in hom soos 'n wond brand.

Uitgeput sit hy langs 'n rots. Hy hyg swaar na sy asem. Hy vlug nou reeds vier dae lank, maar tog kan hy nie aan die lang arm van die gereg ontkom nie. Die drie perderuiters bly kort op sy hakke, haar majesteit se geregsdienaars. Hulle is vasberade om hom te vang, om hom galg toe te

vat.

In hierdie vier dae het hy ses perde flou gejaag. Telkens het hy daarin geslaag om perde by bevriende swartes te kry. Die een voordeel wat in sy guns tel, is dat hy hierdie wêreld ken. Het hy nie hier op die bebosde vlaktes in die buurt van Kuruman en Koopmans groot geword nie; lê sy klein kaalvoetspore nie hier voor hom in die klowe van die Rooiberge nie?

Die sesde perd het 'n halfuur gelede ingegee. As hy terugkyk, kan hy die dier nog sien, en hy kan hom hortend hoor asemhaal daar onder die vaal kameeldoringboom waar die arme dier netnou ineengesak het, nadat hy die perd reeds twee myl agter hom moes aangelei het.

Sy vrees is soos die dors in sy keel. Dit dryf hom aan, want as hulle hom hier tussen die doringbome betrap, sal hulle hom terugneem en die swaar tou sal oor sy nek val. . . Nee, hy moet vinniger vorentoe! Vandat die perd geval het, het hy stadig gevorder, nie vyftig treë nie. Dit is asof die dors en die vrees hom deurmekaar gemaak het, asof hy nie behoorlik kan dink nie.

Miskien moet hy juis 'n bietjie rus, net 'n paar sekondes. Die eerste berge is glad nie ver nie.

Die môre is 'n geheimsinnige grys lig om hom, 'n onsekere skynsel wat tussen die doringbome skuil en die berge hier voor hom in 'n dynserige wasigheid gehul. Sy oë kan reeds die hoë spits van die Magamohaan sien. Dit is sy mikpunt. . . onder die skaduwee van daardie spits sal hy veilig wees. Daar sal water wees. . . en kos!

Oor twee uur sal die son in die ooste agter die bulte opduik, en dan moet hy reeds veilig in 'n grot, of op 'n hoë krans lê.

Netnou, nog voor die perd op sy knieë neergesak het, het 'n trop tarentale uit 'n hoë kameeldoringboom gevlieg en steelsgewyse en al kekkelend tussen die bosse verdwyn. As hy net een van hulle onder skoot kon gekry het. . . maar sy hande het te veel gebewe en hy kon nie die korrel mooi sien nie. Buitendien. . . sy agtervolgers sou hom dalk gehoor het. Nee, hy moenie; in geen omstandighede mag hy verraai presies waar hy hom hier op die doringboom-besaaide vlaktes bevind nie.

Wouter Cordier beur weer orent. Ondanks sy agt-en-twintig jare, lyk hy hier in die veld vanoggend soos 'n ou man wat baie swaar somers agter sy rug het.

Slingerend loop hy tussen die bosse deur. Hy byt op sy tande en sy bloedbelope oë is op die mistige spits van die Magamohaan gerig.

Hy gaan staan nie eens stil toe hy die gegrom van 'n luiperd hier vlak by hom hoor nie. Hy weet dadelik dat die roofdier die sterwende perd reeds gewaar het en verwagtend nader sluip. Wouter Cordier dink onwillekeurig met siddering terug aan die nag wat verby is, die verskriklike nag met sy dors, sy moeë ledemate en die tjankende wildehonde wat steeds op 'n afstand gevolg het. Dit was asof die wildehonde verwag het dat hy en die perd gouer sou ingee. Teen die oggend, nog voordat die mórester in die ooste verskyn het, het die vaal gedaantes van die wildehonde tjankend tussen die bosse verdwyn.





'n Paar keer val Wouter. Dit is telkens vir hom asof die aarde onder hom padgee, of die omlyning van die Rooiberge al verder wegskuif, hoe vinniger hy vorentoe gaan.

Wouter Cordier strompel nou tussen die bosse uit. Die gras groei hierlangs hoog. Die dowwe grys lig is stadig aan die verdwyn. Tot sy blydskap en tegelykertyd tot sy angs, word dit al ligter. As die son eers uit is, sal hy die drie man nie ontvlug nie, want hulle moet hier êrens in dieselfde buurt wees, gereed om te skiet, gereed om meedoënloos op hom af te jaag. By hierdie gedagte gun hy homself geen rus nie.

Hy strompel tussen 'n klompie rosyntjiebosse in. Hier en daar staan enkele nabome duideliker as die ander geboomte teen die luglyn afgeëts. 'n Vreugde kom in Wouter op. As hy hierdie nabome sien, weet hy altyd dat hy die rante nader. Hier regs van hom, moet 'n spruit wees, die spruit waar hulle altyd gaan swem het toe hy nog 'n kaalvoet-seuntjie was. Maar nou kan hy nie afdraai soontoe nie, al is hy hoe dors. Hy moet die hange van die Magamohaan, die hoogste piek in die Rooiberge, bereik voordat die lig van die dag hom hier op die vlaktes vang.

Die los klippe word meer onder sy voete; die grys lig van die vroeë oggend verdwyn ál vinniger. Hier voor hom sien hy 'n paar boerbokke tussen die rosyntjiebosse wei. Hier êrens moet dus 'n paar strooise of 'n boerewoning wees. Tussen die gejaagde asemstote deur fluister Wouter:

,,As iemand my net nie sien nie.''

Toe die karmosynrooi in die ooste verskyn, val hy 'n oomblik by 'n rots plat. Hier, 'n paar treë voor hom, strek 'n dowwe beespaadjie uit. Dit kronkel deur 'n nou poort. Hy moet deur daardie poort. As hy eers deur daardie poort is, is die grot teen die Magamohaan nie meer ver nie. Die poort loop uit op 'n kom, 'n kom omring deur steil, regaf rotse. Dit is net hierdie nou poort hier voor hom en die poort aan die anderkant van die kom, wat toegang tot hierdie rotsomringde leegte verleen.

Hy weet nou dat hy nie die steil rotse van die Magamohaan sal bereik voordat die strale van die son die laaste skaduwees verjaag het nie. Hy sal dus maar hier in die eerste poort skuiling moet soek.

Hy gooi die geweer hoër oor sy skouer, vryf met sy regterhand aan sy regterheup. Die patroonband sny rou sere op sy bors, maar hy struikel voort.

Eindelik bereik hy die poort. Hier lê die skaduwees nog diep. Die son wat 'n oomblik gelede agter die heuwels uitgebars het, se strale dring nog nie tot hier toe deur nie.

'n Oomblik lank leun hy teen die koue rotswand aan. Dit voel verkwikkend. Tussen die rotse is die grond klam. Hy grawe met sy vingers daaraan en lê dan die los, klam grond op sy koorsige en dorstige lippe. Hy kry die vars, opwekkende reuk van die nat grond.

Dan staar hy omhoog. Die rotse is taamlik steil, maar hier en daar steek 'n stuk graniet uit, en hier by hom hang 'n stukkie wortel van 'n taai boomsoort wat tussen die rotse bokant hom groei.

Hy gryp dit onmiddellik vas. Hy wonder of hy genoeg krag in hom oor het om met behulp van hierdie stewige wortel na boontoe te klim. 'n Oomblik later hang hy tussen hemel en aarde, maar dit voel vir hom kompleet asof hy hom geen duim kan optrek nie.

Skielik runnik perde hier vlak by hom en die volgende oomblik sien hy die sierlike nekke van die bruin, swart en wit Arabiere hier om die draai in die paadjie. Die diere is vet en hulle pyl reg op die poort af.

Waar daar perde is, moet daar mense ook wees!

Ineens klap 'n sweep sommer hier digby en 'n stem skree welluidend deur die oggendstilte. Een of meer man is besig om die diere deur hierdie poort aan te jaag. Hy durf nie nou langer talm nie. Hy gryp die boomwortel vas en trek hom moeisaam na bo. Eers toe hy vasskopkans kry, gaan dit vinniger. Die eerste perde het hom gesien en steek nou vierspoor vas, proesend.

Nog net 'n oomblik swaai die moeë man tussen hemel en aarde en dan beur hy na boontoe, vang die rotspunt vas en hys hom omhoog.

Steunend skuif hy sy liggaam op die rotslys reg. Hy het genoeg ruimte om heeltemal plat te gaan lê. Die twee voorste vetgevrete diere kyk effens verskrik na die poort waar die tweebeen 'n oomblik gelede geswaai het. Hulle bly nog onseker staan en agter hulle bondel die bruin en swart lywe teen hulle aan.





Eers toe 'n stem luid skree en 'n sweep agter hulle klap, spring hulle weer vorentoe.

Wouter Cordier haal die geweer van sy skouer af en lê dit langs hom op die rots neer. Hy lig sy kop effens op en sien hoe dat die spogperde nader kom. Hy wil darem sien wie hulle aanjaag. Eindeloos gaan die proesende stroom onder hom deur.

Eindelik klap die hoewe van die laaste paar perde deur die poort. Onmiddellik daarna verskyn 'n ruiter om die draai in die paadjie. Hy sit fier op 'n spierwit perd. Hy swaai 'n sweep in sy hand. Dit is 'n geharde Kalahari-boer met stoppelbaard, byna so lank soos Cordier s'n.

Skuins agter die jongman, kom 'n Kleurling op 'n bruin perd aangery. 'n Paar oomblikke later draf die twee perde hier onder Wouter deur die poort.

Wouter versit effens en draai hom heeltemal om op die rotslys, sodat hy nou in die groot kom aftuur. Die pragperde hardloop stadig baldadig in die leegte af waar die gras groen en sappig is. Dit lyk asof hulle uitgelate gaan hande uitruk. Die jongman en die Kleurling het hulle hande vol om die trop te keer.

Daar kom ineens 'n intense verlange in Wouter op om met die jongman maats te maak, om met hom te praat. Hy verlang ineens na gemeensaamheid, verlang om rustig agter so 'n trop pragdiere aan te ry deur die veld. Hoe heerlik is dit nie om vry te wees nie!

Hy sien hoe die jongman en die Kleurling die perde weer op 'n bondel druk. Die rooies tou nou vinnig na die oorkantste poort toe.

Wouter lê met 'n verwronge glimlaggie om sy mond na die skouspel en kyk.

Skielik vang sy oog 'n ander beweging. Dit is byna asof iemand daar teen die rotse by die oorkantste poort beweeg het, ongeveer vierhonderd treë van waar Wouter lê. Wouter lig sy kop versigtig op. Ja, daar is iets wits net voor daardie klipskeur, 'n paar voet bokant die poort.

Wouter kyk stip daarna en dan skiet sy hand af na sy diep broeksak en die volgende oomblik trek hy 'n klein verkyker daaruit. Dadelik bring hy dit na sy oë.

Hy verstel die klein verkykertjie effens en rig dit dan op die voorwerp daar oorkant teen die rotse. Wouter vergeet ineens sy brandende dors. Deur sy verkyker sien hy 'n man in 'n pikswart hemp. Skuins agter daardie man loer nog 'n persoon by 'n klipskeur uit, 'n persoon met witterige hoed op. Wouter weet dat dit daardie wit hoed was wat sy aandag so 'n oomblik

gelede die eerste getrek het. Die man in die swart drag lyk deur Wouter se swakkerige verkyker groot. Daar is iets swarts oor sy gesig; iets soos 'n masker. Die persoon het 'n geweer in sy hande en hy rig dit nou op die twee bewegende mensegestaltes daar agter die Arabiere in die leegte.

Ineens weet Wouter dat daardie twee mans hierdie jong seun en Kleurling agter die perde lê en inwag. Hy weet onmiddellik dat dit 'n skietery gaan afgee. Swak laat hy sy verkyker sak en gryp dan na sy geweer. Hy bring dit omhoog, maar dit voel ineens vir hom loodswaar. Sy hande bewe geweldig. Hy kan die korrel glad nie kry nie. Hy kreun en laat die geweer sak; bring dit in 'n hernude poging onmiddellik weer op, maar met die blote oog kan hy die twee mans teen die rots by die ander poort glad nie sien nie.

'n Oomblik vergeet Wouter dat hy 'n vlugteling is, dat hy wegvlug van die galg wat hy elke nag in sy koorsige drome sien. Hy dink nou slegs aan een ding. . . Hy moet die jongman en die Kleurling agter daardie mooi perde waarsku. Hy moet dit doen.

Hy rig sy geweer op die trop perde. Hy wil so 'n entjie bo-oor hulle skiet. Sy oë word dof en 'n oomblik lank kan hy glad nie die perde sien nie. Wouter trek die skoot af, sonder om presies te weet waar hy skiet. Dit voel vir hom kompleet of daar 'n swart sluier voor sy oë getrek word. Die koeël klap soos 'n voorslag en gee daar van die ander rotswande af antwoord.

Die geweer val uit Wouter se hande en kletter op die rots langs hom neer. Sy kop val vooroor op sy hande. Dit voel vir hom asof hy in beswyming wegraak. Hy voel andermaal hoe sy liggaam van oor-inspanning ruk. Hy probeer hom weer effens oplig, maar die swakheid van vannag en gister vloei weer oor hom.

Teen die rotse aan die oorkant swets die man in die swart klere. Die koeël uit Wouter se geweer klap hier teen die rots digby hom. Vinnig bring hy sy eie geweer op en skree op die persoon wat in die opening van 'n soort grot agter hom staan:

,,Combrinck word alte astrant, hè! Goed dat ek besluit het om hom nou om te kap. Hy word vir ons nou gevaarlik. Hy het sy taak verrig, nou kan ek hom maar afmaak.''

,,Dit is nie hy wat daardie skoot geskiet het nie. Ek wed hy het ander ruiters saamgebring; daardie koeël kom daar van die oorkantste poort af.''

Die man in sy swart broek en hemp vir wie Cordier deur sy verkyker gesien het, vat behoorlik korrel. Die perde onder in die kom het vir die eerste wilde en onverwagse skoot van Cordier geskrik, en maal nou in die





rondte terwyl hulle hees runnik.

Die jongman agter die perde het sy wit perd skielik omgeswaai toe hy die onverwagse skoot uit Cordier se geweer hier rakelings oor hom hoor swiep het. Sy eerste gedagte is om te vlug en hy skreeu luid nog voor die knal in die kom weggesterf het:

,,Paul, vlug vir jou lewe! Dit is die Woestynduiwel. Ek moes geweet het dat hy nooit woord sal hou nie.''

Die Kleurling is egter juis te stadig, en die man in die swart drag se geweer is reeds dodelik op hom gerig. Toe die lood sy rugsring deurboor, ruk hy regop, gooi sy arms in die lug en stort agteroor van sy perd af. Die ruiterlose perd runnik angsbevange en lê dan oop na die poort waardeur hy en die Kleurling so pas gekom het.

Stoffel Combrinck sien dit alles en magtelose woede skiet in hom op. Hy wil omswaai om die maat van sy kinderjare te gaan bystaan. 'n Oomblik vergeet hy die gevaar waarin hy self verkeer, pluk sy perd om en jaag op die plek af waar die Kleurling neergestort het.

Hy het sy rewolwer uitgepluk, maar het nog nie die vir hom onsigbare skut raak gesien nie.

Die man in die swart klere, met 'n swart masker op, lag agter die korrel van sy geweer. Hy knyp die een oog weer toe. Korrel en visier bewe oor die ruiter op die wit perd. Weer knal 'n skoot.

Net 'n oomblik bly die jongman nog in die saal. Toe die wit perd vreesbevange omswaai om terug te vlug, val Stoffel Combrinck slap uit die saal. Hy bly roerloos tussen die lang gras lê.

Die gemaskerde man lag breed en sit die geweer langs die rotswand neer.

,,Skote!'' roep die man met die witterige hoed op agter hom. ,,Jy het albei.''

,,Volgende keer bly jy of daardie wit hoed van jou by die huis. Wie ook al daardie eerste skoot geskiet het, is deur jou hoed getrek. Ek wed dit. Enige idee wie dit kan wees, Hans?'' vra die groot skerpskutter ingedagte terwyl hy na die poort aan die oorkant van die kom kyk.

,,Dit is maar seker een van Stoffel se maats wat hom versteek het, en gehoop het om jou om te kap voordat ons die perde oorneem. Maar hy weet seker wat gesond is vir hom. Toe hy sien hoe dat jy Stoffel en die Kleurling met die grond kennis laat maak, het hy natuurlik die hasepad gekies.''

Die gemaskerde bly oor die leegte heen kyk. Onder hom stuif die

spogperde deur die poort aan die westekant van die kom. Hulle hardloop juis presies in die rigting waarin hy wil hê dat hulle moet hardloop. Hy vee oor sy droë lippe en glimlag weer. Die gedagte wat hom nou te binne skiet, laat sy bloed vinniger vloei. Dit is asof sy bloedlus nou ontketen is. Hy en die dood het vandag nog 'n ander afspraak hier in die kom; 'n afspraak met die man wat uit Kimberley aangekom het om sy bedrywighede aan bande te lê, die man wat deur die geteisterde boere gehuur is om hom te kom uitruik. Maar hulle weet nie dat hy weet dat hierdie einste man vandag hier deur die kom moet kom nie.

,,Sit die perde agterna, Hans. Laat die ander manne, dieper die berge in, jou help. Hou die perde in die Wondergrot totdat ek opdaag.''

Hans kyk die gemaskerde vraend aan en tree versigtig uit die skeur waarin hy nog al die tyd gestaan het.

,,Kom jy nie saam nie?''

,,Natuurlik nie! Ek het nog 'n ander takie wat vandag gedoen moet word. Ek bly hier om seker te maak dat Stoffel Combrinck en sy Kleurling nie lewendig hier uitkom nie, ingeval ek hulle nie heeltemal gedood het nie.''

Hans ril effens. Hy kry weer die gevoel dat hierdie Woestynduiwel nie eens 'n ooglid in die aangesig van die dood verroer nie. Hy praat asof dit 'n alledaagse nietigheid is.

,,Ek het 'n idee dat daardie vent wat die eerte wilde skoot geskiet het, nog hier êrens skuil. En dan, Hans, jy het vergeet dat ek 'n ander belangrike afspraak in hierdie kom het, vandag nog, 'n afspraak met Snelpiet, die koning van die skerpskutters. Die boere het hom hierheen ontbied om die bende van die Woestynduiwel uit te roei, maar ek wil hê Snelpiet moet sterf voordat hy een skoot geskiet het. Daarna moet ons sy lyk voor ou ryk Mike Sadie se deur gaan neerlê.''

Hans stoot 'n laggie uit terwyl hy stadig met die rotslys langs beweeg. Een misstap kan hom te pletter teen die klipperige grond onder laat val.

,,Dit is 'n groot grap! Vreeslik geheimsinnig besluit vier boere op 'n vergadering om Snelpiet te laat kom, die Nemesis van die smokkelaars, maar tog weet die Woestynduiwel van sy koms en Snelpiet word dood aan Mike Sadie afgelewer! Waarlik, jy word meer as 'n legende, Woestynduiwel,'' lag Hans krakerig. ,,Reël maar 'n uitstekende onthaal vir hom. Maak seker dat Snelpiet jou nie die eerste kry nie. As jy nie om vyfuur vanaand by die Wondergrot is nie, neem ek aan dat Snelpiet hierdie keer vinniger as





jy was.''

In werklikheid hoor die man in die swart mondering nie eens die lughartige woorde van Hans nie. Met genoegdoening staar hy voor hom uit. Sy oë bly op die poort aan die oorkant gerig, waar daar egter nou geen beweging te bespeur is nie. Alles hier in die dal onder hom lyk ineens dood. . . so dood soos die jongman en die Kleurling, dink die gemaskerde. Sy oë is swart agter die masker, donker en onheilspellend. Hy lag as hy dink aan sy bynaam, trouens die enigste naam waarby lede van sy bende, behalwe Hans, en die boere in die Noordweste, hom ken. Hy trek sy asem diep in; sy kragtige borskas swel.

Meer as ses maande is hy al die verskrikking in hierdie klowe, mymer hy met genot. Die kleiner boere langs die lope van die Malopo en die Kurumanrivier het hy eers bygedam en hulle kaal gestroop van hul perde. In beeste stel hy tog nie belang nie. Toe het hy die rykstes aangedurf, hulle geplunder. Hulle weerstand was vir hom en sy geslepe makkers speletjies. Die boere moet sake met hulle self uitveg, want hierlangs is feitlik geen polisiedienare nie. Dié wat hier was, is almal inderhaas na Kimberley toe om die opstande tussen fortuinsoekers te demp. Ja, hy, die Woestynduiwel, het sy tyd reg gekies. Mike Sadie, die rykste boer in hierdie kontrei, wat die hele wêreld van Kuruman af tot by Van Zylsrust besit, is die enigste groot teenstand wat hy ervaar. Dit is Mike Sadie wat die boere byeengeroep het om hulle teen die aanslae van die Woestynduiwel te verskans. Sadie het op 'n geheime vergadering oorgegaan tot die besluit om die hulp van Snelpiet, die vurigste diewejagter ten weste van Kimberley, in te roep. Sy gesig vertrek andermaal in 'n spotlag. . .

En nou kom Snelpiet vandag. . . vandag moet hy deur hierdie dal kom, om Sadie se puik plaas ten noordweste van die Rooiberge te bereik. En reeds het die Woestynduiwel se boodskappers hom laat weet dat Snelpiet vannag op Kuruman geslaap het!

Die gemaskerde grinnik.

Hoe weet hy, die Woestynduiwel, dat Snelpiet vandag hier sal opdaag? Hoe weet hy dat dit Snelpiet is wat kom? Dit is sy geheim, syne en Hans s'n. Sadie sal verslae staan as hy later moet uitvind dat die Woestynduiwel haarfyn van al sy planne geweet het. Natuurlik sal Mike Sadie die drie man wat saam met hom op die geheime samespreking teenwoordig was, wat geweet het dat Snelpiet op hierdie sonnige dag deur die dal aangery sal kom . . .